JOH 21:15-22 HET JY VIR JESUS LIEF?

Vers 17: *"Jesus vra hom die derde keer: "Simon seun van Johannes, het jy My lief?"*

DIE VRAAG

- Hierdie is 'n DUIDELIKE, DIREKTE, PERSOONLIKE VRAAG. Simon Petrus word **op die naam** genoem. Die vraag word **sonder omhaal** van woorde gestel. Petrus weet Jesus praat met HOM en hy **weet wat** Jesus van hom vra.
- Jy en ek kan ook vanoggend ons **eie name** hierin hoor: *"Uys, Johan, Marie ... het jy My lief?"*
- Dit is 'n vraag in die TEENWOORDIGE TYD – nie: HET jy my LIEFGEHAD toe jy 'n kind was, of wanneer ookal vroeër in jou lewe nie. Nie: Is jy nog VAN PLAN om vir My lief te word iewers in die toekoms nie. Maar: Het jy my VANDAG lief?
- Het JY My lief. Ek vra nie of jou *ouers* my liefgehad het en of jou *vrou of kinders* vir My lief is nie.
- Ek vra ook nie of jy lief is vir die *Bybel, vir die ds of die gemeente* nie. Het jy vir MY lief?
- Het jy My LIEF? 'n Mens kan baie dinge van Jesus WEET, sonder om Hom lief te hê. Is die **verhouding** waarin jy tot my lewe, een van LIEFDE, of dalk van *vrees, of verwyt, of onverskilligheid*?

WAAROM HIERDIE VRAAG?

Waarom hierdie vraag – en dit nogal DRIE maal - aan Petrus… en waarom hierdie vraag vanmore aan *ons*?

PETRUS het die nag waarin die Here Jesus verraai is, drie keer ontken dat Hy vir Jesus ken. Dit nadat hy vol bravade verklaar het dat al sou al die ander dissipels Jesus ook verlaat, hy dit nooit sou doen nie. Toe gebeur dit wel daardie aand by die vuurtjie. **Intussen** het hy diepe berou gekry, is Jesus gekruisig, het Hy weer opgestaan en nou staan hulle **weer by 'n vuurtjie**. Jesus het Petrus nie **afgeskryf** en in die pad gesteek nie. Hy gee Hom **weer 'n kans**. Hy kry drie keer die kans om sy liefde vir Jesus te betuig en so drie strepe te trek deur sy vorige verloëning. (Dis amper soos **Jaques Kallis**: Hy het in die vorige toets twee nulle aangeteken, maar hy is nie uit die span weggelaat nie. Toe teken hy die volgende toetswedstryd weer twee nulle aan – maar met 'n 2 voor!) 'n Mens kan sê Petrus word *gerehabiliteer*; hy word as't ware heraangestel. Hierdie keer is hy net baie nederiger en bewus van sy eie feilbaarheid. Ons merk niks meer van sy vroeëre bravade nie. "*Geseënd is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is."*

'n Mens kan **te gou** en te **maklik** en te **selfversekerd** antwoord op hierdie vraag van Jesus: *"Ja, Jesus, hoekom vra U nog? U weet mos ek is lief vir U! Ek het dit mos gesê toe ek belydenis van geloof afgelê het."* Daarom is dit **nodig** dat ons ook hier aan die **begin van 2012** weer 'n slag goed daaroor nadink, al is dit al vir die *derde of dertigste* maal! Dit kan selfs gebeur dat 'n GEMEENTE hul eerste liefde verlaat, soos wat ons in Openbaring van een van die sewe gemeentes lees.

Gemeente van Constantia, het jy vir Jesus lief?

DIT IS WAAROOR DIT GAAN
Hierdie is 'n BAIE BELANGRIKE VRAAG, want dit is immers **waaroor alles gaan** – in die kerk EN in die lewe! *Kerkbywoning, dankoffers, siekebesoek, Bybellees en bid* is alles belangrik, maar dis nie waaroor dit in die **eerste plek** gaan nie. **Daarom is die vraag nie**: *"Hoe gereeld kom jy in die kerk? Of: Hoeveel gee jy as dankoffer? Of: Wat doen jy vir jou naaste?"* nie. Ons lees in 1 Kor 13 dat sonder die liefde **niks** sin maak of waarde het nie. Die **Efesegemeente** waarvan ons in Openbaring lees dat hulle die Here nie meer so liefgehad het soos in die begin nie, het **baie goeie dinge** gedoen. Daar staan o.a. *"Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding."* (2:2) En tog, omdat die liefde ontbreek, is hul **voortbestaan op die spel** en word hulle opgeroep om hulle te **bekeer**.
Terwyl ons nou besig is om ons **huis op te ruim**, besef jy net weer hoe tydelik alles is: Skoolrapporte – gooi weg; klasfoto's – gooi weg; notules van vergaderings – skeur op; liefdesbriewe … verbrand! *"En nou, geloof, hoop en liefde bly ... En die grootste hiervan is die liefde!"*

VAN WATTER SOORT LIEFDE PRAAT ONS?
Daar is tog **baie soorte liefdes** wat van mekaar verskil. Die liefde wat ek vir my **vrou** het, is anders as wat ek vir **my kinders** het en dit verskil weer van die liefde wat ek vir my **troeteldier, of stokperdjie, of land** het. Wat beteken dit om vir Jesus LIEF te hê?
Hierdie liefde kan soms met 'n **gevoe**l gepaard gaan, maar dit is nie noodwendig altyd die geval nie. Dit is **meer as** 'n gevoel. Dit is 'n **WILSBESLUIT**. Dit het die betekenis van LOJAAL wees aan. **Die Boodskap:** *"Simon, seun van Johannes, het jy My lief? Kan ek heeltemal op jou lojaliteit staatmaak?"* Dit is om soos toe **Abraham** vir Isak gaan offer het, vir Jesus *eerste* te stel. Abraham het vir Isak EN HOMSELF daardie dag op die altaar gelê. In Rom 12 staan dat die **wesenlike** van die godsdiens is juis dit: Om jouself as 'n lewende offer aan God te gee (:1). Vir wie liefhet, is **niks te veel gevra** nie. Ek het eendag vir iemand dankie gesê vir al haar opofferings in belang van die gemeente en toe was haar antwoord: *"As jy onthou vir Wie jy dit doen, gee jy nie om nie!"*

Het u opgelet: Elke keer as Petrus sy liefde bely, gee Jesus vir hom 'n **opdrag**: *"Laat my lammers wei… Pas my skape op … Laat my skape wei."* Liefde vir Jesus **lei tot DIENS aan ander**. Dit is nie slegs iets tussen my en Hom nie. Liefde vir ander kom daarop neer dat 'n mens ander help sonder om iets terug te verwag. Hulle hoef nie vir jou terug lief te hê nie, want Jesus het jou reeds lief. Hulle kan selfs jou *vyande* wees. Jy verwag nie eers 'n *dankie* nie, want jy is dan juis besig om vir Jesus dankie te sê! Dit is 'n totaal ONSELFSUGTIGE lewenshouding.

LOOP DIE PAD SAAM
Die Here Jesus het eintlik alles **saamgevat** toe Hy vir Petrus sê: *"Volg My!"* Hier aan die begin van **'n nuwe jaar**, sê Hy ook vir jou en my: *"Volg My! Kom ons stap die pad saam*." Hy sê nie: *"Volg hierdie stel reëls/ voorskrifte"* nie. Hy wil in 'n verhouding met ons lewe. Dit is 'n verhouding waarin Hy die **leiding** neem en die **voorbeeld** stel. **Hoe bevoorreg** is ons nie om so 'n Leier te mag volg wat *weet waarheen* Hy oppad is, wat die *volmaakte voorbeeld* is, wat *bereid is* om ons te vergewe en weer 'n kans te gee, wat Sy *eie lewe* vir ons afgelê het!

**Die pad** saam met Jesus en agter Hom aan is nie altyd 'n **maklike pad nie**. Jesus het vir Petrus **gewaarsku** oor wat vir hom wag (:18-19). In Handelinge lees ons hoedat hy vervolg en in die tronk gegooi is vanweë sy geloof. Volgens o**orlewerin**g het Petrus 'n marteldood gesterf en is hy ook gekruisig. Hy het egter gevra dat hulle hom onderstebo kruisig omdat hy hom nie werd geag het om op dieselfde manier as sy Meester te sterf nie! **So verander** die Here 'n mens se lewe en so groot is Sy **genade** wanneer jy Hom volg. Dit is soms 'n moeilike pad, maar 'n **heerlike pad**.
Dit mag lyk asof Petrus se verhaal toe tog nie 'n **gelukkige einde** gehad het nie. Hyself skryf egter in sy eerste Brief dat sy hoop gevestig is op *"die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word." (1:4)* <u>Vir almal wat vir Jesus volg, wag daar dus 'n gelukkige einde!</u>

WAT IS JOU ANTWOORD?
Gemeente, God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy Seun gegee het. Jesus het sy lewe vir ons gegee. *"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê."* (Joh 15:13)
<u>**Wat antwoord** JY VANDAG op die vraag:</u> *"Het jy My lief?"* Neem die WILSBESLUIT om Hom onvoorwaardelik te volg en jou naaste te help sonder om iets terug te verwag.
As jou antwoord JA is, kan en wil die Here jou vanjaar **gebruik** – in die gemeente en daarbuite. Dan sal jou en my persoonlike godsdiensbeoefening, erediensbywoning en gemeentelike betrokkenheid vir ons **betekenisvol** wees; sal niks wat die Here van ons vra, vir ons **te veel** gevra wees nie. Dan, wanneer alle ander liefdes ondergeskik is aan ons liefde vir Jesus, sal die gemeente in haar **toekomsbeplanning** kan onderskei waarop dit aankom (Fil 1:9). Dan sal die gemeente **seën** kan verwag op haar pogings om Eden te herstel deur die krag van Jesus!

Amen
08.01.12